23.4 RAPPORT 4: DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF – EVANGELISERINGSMEDIA/HOSPITAALLEKTUUR

1. Opdrag

Die opdrag is vervat in die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-770). Die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Administratiewe Buro behartig. Verder is aandag aan onafgehandelde sake van vorige Deputate gegee (Acta 2012:438).

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Hospitaal, Pastorale en Evangelisasielektuur*

Die Deputate het verskeie pogings aangewend om predikante en emeriti te vra om ‘n bydrae in hierdie verband te lewer. Reaksie op hierdie versoek het egter min opgelewer en die Deputate het besluit om uit eie geledere lektuur beskikbaar te maak. Die volgende projekte is aangepak:

2.1.1 Br Jannie Earle het verskeie stukke self saamgestel en hierdie stukke is aan predikante en adviseurs wat op die Deputate dien voorgelê vir keuring waarna dit op die CJBF-webblad beskikbaar gestel sal word.

2.1.2 Stukkies uit die *Quo Vadis* is reeds geselekteer om verkort te word en sal insgelyks op die CJBF-webblad geplaas word.

2.1.3 Prof Paul de Bruyn se boek "*Salf vir die Wonde*" is geskandeer en teruggeskakel na elektroniese teks. Prof De Bruyn het reeds verskeie hoofstukke daarvan verkort en beskikbaar gemaak vir die CJBF-webblad.

2.1.4 Ds A Muswubi het aangebied om "*Brood van die Lewe*" in Venda te vertaal. Die vertaling het begin en sal aan keurders, waaronder prof JA Van Rooy, voorgelê word vir keuring.

2.2 *Evangeliseringsmateriaal*

2.2.1 Ds Ezekiel Pelele is genader oor die moontlikheid om evangeliseringsmateriaal in oudio formaat beskikbaar te maak vir ‘n "taxi-bediening". Ds Pelele het na vore gekom met ‘n plan van aksie en die Deputate het besluit om daaraan gevolg te gee. Daar sal begin word met ‘n projek in Setswana en wel in Mahikeng en Koster.

2.2.2 ‘n Brief is aan kerke gestuur om hulp te vra met vertaling van die *Brood van die lewe* in Afrika-tale.

2.2.3 Die Deputate het besluit om die Belydenisskrifte in swart tale beskikbaar te stel. In die verband is die Belydenisskrifte in Setswana en Sesotho reeds geskandeer en elektronies omgeskakel in Word-formaat. Dit word tans geproeflees en behoort teen einde Junie 2014 voltooi te wees.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die CJBF Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is.

Rapporteur: Dr GJ Meijer.